Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Redewan Larney**
Hoofdirektoraat: Distrikte
Redewan.Larney@westerncape.gov.za | 021 467 2337

Lêerno.: 27/R
Verwysing: 20250401-2131

Omsendbrief: 0012/2025
Vervaldatum: Geen

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofkantoor en distriksamptenare wat skole besoek

Kort opsomming: *Provinsiale en distriksamptenare wat skole besoek word hiermee in kennis gestel van die migrasie vanaf die* Google School Visit Tool *na die nuwe* Provincial School Visitation System *wat vanaf 01 April 2025 in werking sal tree.*

**Onderwerp: Bekendstelling van die *Provincial School Visitation System (PSVS)* wat vanaf 01 April 2025 in werking sal tree**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement moet verslag doen oor die persentasie skole wat, vir monitering en professionele ondersteuningsdoeleindes, deur distriksamptenare besoek word. Hierdie besoeke sluit, soos uiteengesit in die *Strategic Plan (Provincial Output Indicator 101) for 2025/2026,* gewone openbare en spesiale skole in. Provinsiale en distriksamptenare sluit alle amptenare van provinsiale kantore, distrikskantore en kringe in wat skole vir monitering en ondersteuningsdoeleindes besoek. In hierdie verband verwys professionele ondersteuning na die prinsipaal, skoolbestuurspanne en opvoeders by 'n skool wat ondersteun en bemagtig word in areas wat as deel van hul kernpligte geïdentifiseer is, bv. bestuur en leierskap, opvoederontwikkeling en vakonderrig.

2. Besoeke aan skole vir monitering en ondersteuningsdoeleindes sal die funksionaliteit, verantwoordelikheid en gehalte van onderrig wat by hierdie skole aangebied word verbeter.

3. Die nuwe PSVS is so ontwerp om amptenare se beplanning, monitering en verslagdoening tydens besoeke aan skole merkbaar te verbeter. Dit sal ook verseker dat alle data wat tydens hierdie besoeke ingesamel word op 'n veilige en betroubare platform gestoor word. Die oorgang na hierdie nuwe stelsel is dus noodsaaklik om:

3.1 datasekuriteit te verbeter – alle rekords van besoeke aan skole word op 'n veilige en betroubare platform gestoor.

3.2 monitering en verslagdoening te verbeter – maak voorsiening vir meer doeltreffende opvolgbesoeke by skole en tydige ingrypings.


3.3 verwysings rakende skoolkwessies te vereenvoudig en beplanning van opvolgaksies te verbeter om amptenare sodoende in staat te stel om kwessies dadelik uit te lig deur dit op die stelsel met 'n toestelvlag (*flag*) te merk. Op hierdie manier kan die gepaste optrede tydig geneem word en kan die amptenaar verseker dat daar op 'n verantwoordelike wyse binne die vasgestelde tydraamwerk op die kwessie gereageer word.

3.4 besluitneming en hulpbrontoewysings te verbeter – moontlik gemaak op verskeie vlakke van die onderwysstelsel.


4. U samewerking en ondersteuning met die implementering van die PSVS sal van onskatbare waarde wees om die bestuur en beheer van ons skole en tydige reaksie op kwessies te verbeter.

5. Toegang tot die PSVS kan via die volgende skakel verkry word: https://psvs.westerncape.gov.za. Wanneer u vir die **eerste keer** op hierdie stelsel **aanmeld,** moet die volgende stappe noukeurig gevolg word:

5.1. Maak die bogenoemde skakel in u ***browser*** *(blaaier)* oop en klik op ***Login*** (aanmeld).



5.2. Op die ***Login page*** *(aanmeldingsblad)*, klik op ***Forgot Your Password.*** Die stappe wat op die skerm verskyn moet noukeurig gevolg word. Sodra u al die stappe voltooi het, sal 'n tydelike wagwoord via e-pos aan u gestuur word.




5.3 Gaan na die ***Login page*** (aanmeldingsblad) en meld aan deur u PERSAL-nommer en die tydelike wagwoord te gebruik. U sal gevra word om die tydelike wagwoord te verander. Volg die instruksies op die skerm noukeurig en let dat daarop dat dieselfde proses gebruik kan word om u wagwoord te verander.

6. Neem asseblief kennis dat vanaf 01 April 2025, *Google School Visit Tool* nie meer toeganklik sal wees nie.

7. Oriënteringsessies vir opleiding het gedurende Maart 2025 plaasgevind. Kontak gerus u distrikskantoor se inligtingstelselsbeampte (ISO) indien u meer ondersteuning benodig:

| Distrik | ISO | E-posadres |
|---|---|---|
| Kaapse Wynland | Kevin van Eeden<br>Ferrin Stellenboom | Kevin.vanEeden@westerncape.gov.za<br>Ferrin.Stellenboom@westerncape.gov.za |
| Eden en Sentrale Karoo | Romelda America<br>Keith Zibi | Romelda.America@westerncape.gov.za<br>Keith.Zibi@westerncape.gov.za |
| Metro-Sentraal | Anita McGrath | Anita.McGrath@westerncape.gov.za |
| Metro-Oos | Buseka Ndinisa<br>Thembeka Dlamini | Buseka.Ndinisa@westerncape.gov.za<br>Thembeka.Dlamini@westerncape.gov.za |
| Metro-Noord | Siviwe Mdelo | Siviwe.Mdelo@westerncape.gov.za |
| Metro-Suid | Anastasia Kinnear<br>Masixole Stofile | Anastasia.Kinnear@westerncape.gov.za<br>Masixole.Stofile@westerncape.gov.za |
| Overberg | Suzanne Braaf | Suzanne.Braaf@westerncape.gov.za |
| Weskus | Kurt Lewis | Kurt.Lewis@westerncape.gov.za |

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-04-03